# WERNER NEL

**Datum:** 16 Desember 2010
**Plek:** SA Agulhas
**Vraagsteller (V):** Lize- Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Werner Nel | Geomorfoloog |Marion 56 | 2002+

**V:** Hierdie is 'n mondelingse geskiedenis onderhoud met Werner Nel, en dit is vandag 16 Desember 2010, en ons is op die SA Agulhas om, ek skat ons seker nou hier naby 61. En 0 GMT, for what it's worth. Nie 0 GMT nie, 0 grade longitude. 0 GMT... anyway. okay, my eerste vraag is nou altyd maar, vir jou in jou professie, hoe het dit gebeur dat jy op hierdie skip sit op pad Antarktika toe?

**A:** Ek was in 1999 in my finale jaar, Universiteit van Pretoria, in die Geografie departement. En toe het Professor Ian, wel hy was toe nie Professor, Doktor Ian Meicklejohn, wat my dosent was, toe destyds het begin... hulle het 'n projek begin in 1996, met die Marion spesifiek projek, het hulle toe 'n projek begin, homself, [Bill Sumner] en Jan [Bullard] van destyds Geologie, Universiteit van die Wes-Kaap. Hulle het toe nou stadigaan begin met oornames op Marioneiland en begin idees formuleer vir groter projekte en veldwerk en so aan. En die einde van daai jaar het hulle vir my gevra, to het ek toe aansoek te doen om Marioneiland toe te gaan as 'n veld assistent vir die '99/2000 seisoen, overwintering seisoen. En toe het ek gegaan, en het ek toe genoeg data ingesamel vir 'n Honneurs-graad en 'n Meesters-graad. En toe het ek klaar gemaak in 2001 en, my Meesters-graad. En toe het ek, was ek half in die ding in. En ons het toe nou 'n Marion projek gehardloop. Ek is toe op twee oornames 2002, en ons het toe van 2006 af het ons die projek hernieu. En toe met die nuwe projek was dit toe nou Marioneiland en Antarktika, toe 'n nuwe been ingekom soos, net ingekom.

**V:** In 2006?

**A:** 2006 ja.

**V:** Is dit nie rondom hierdie tyd wat die befondsingstrukture vir wetenskap verander het nie?

**A:** Dis presies hoe dit gebeur het. Ons het daai tyd geskuif NRF toe, die befondsing. En hulle het toe nuwe projekte... dis die eerste keer wat hulle nuwe projekte, 'n call vir nuwe projekte gemaak het tot op... tot en met 2006 was dit maar baie ad hoc. Ons het aansoek gedoen vir 'n takeover, ensovoorts, en dan het ons maar gegaan. Maar ons het van basies '96 af elke jaar iemand gestuur om... eerder net vir takeovers, maar ons het 'n paar oorwinter ouens ook gehad.

**V:** Toe moes julle direk by DEAT aansoek doen? By wie moes julle aansoek doen?

**A:** Ek dink ons moes by... toe by DEAT aansoek gedoen het. Ek staan onder korreksie, maar ek dink dit was by DEAT om aansoek te doen om... logistieke support, want dit was toe alles nog deur DEAT gehardloop het. Ons het toe nie daai tyd beurse gehad en rerig projek geld gehad nie. Ons is meer logistieke support. En toe van 2006 af met die nuwe projek was ek eksklusief betrokke by Marion eintlik, 'n paar oornames gehad en so aan. En toe ons in 2000 en... ons projek sou tot 2009 toe gehardloop het, maar die NRF het toe nie nuwe calls vir nuwe projekte ingesit nie. Hulle het toe net gesê ons moet 'n proposal insit om ons projek te kan extend tot 2012. En in die proposal moes Ian gesê het... you know, hy moes in sy plan gesê het wie kan oornames doen en so aan. En een van die redes hoekom... vir die extension was dat daar mense moes gaan vir die Antarktika oornames ook. En ek het toe ge-commit om ten minste een oorname te doen Antarktika toe, want ek het nie eintlik 'n projek op Antarktika nie, maar ek sou nou maar gaan uithelp eintlik. En toe het hy nou maar so betrokke geraak, bietjie meer Antarktika werk, van die data gesien en so aan. En dit is hoe ek nou op hierdie skip beland het.

**V:** Dit. okay. So dit was eintlik maar aanvanklik om 'n wetenskaplike projek te hernieu?

**A:** Ja. Dit is een van die... kyk ons het al 2009 al opgehou het. So ek sou nie... glad nie in Antarktika betrokke gewees het tot en met 2009 nie. En die idee van 2009 af is in elkgeval gewees vir ons, as ons 'n nuwe call gekry het... en dis nogsteeds ons plan... is om die Antarktika en Marion heeltemal van mekaar te skei.

**V:** Skei. okay.

**A:** En ek sou nou maar oorneem as PI van die Marion projek, dis nou die plan. Maar die nuwe call het nooit gekom nie en ons het toe gelukkig 'n extension gekry omdat ons lang, 'n langtermyn moniteringswerk gedoen het, het hulle vir ons 'n extension gegee. Maar een van die extensions

redes was omdat, jy weet, hulle moes daadwerklik gesê het wie kan gaan takeover en ek het toe nou in 2009 al ge-commit vir hierdie takeover.

**V:** Was dit nog altyd 'n idee gewees, jy wil Antarktika toe gaan?

**A:** Ja

**V:** ... of nie so seer nie?

**A:** Nee verseker. Nee ek was van kleintyd af... een van die rede hoekom ek Marion toe was, want dit was baie naby Antarktika...

**V:** Baie naby.

**A:** En... of nader. Nee, dit was altyd my... my groot idee was... ek sou... van 2006 af eintlik het Ian my elke jaar genooi of ek nie wil gaan nie. Maar as gevolg van familie, dinge wat gebeur het en so aan, ek kon elke jaar nie gegaan het nie, so ander mense het gegaan. Ander ouens het gegaan, soos Dave Hedding, Michael Loubser en Jay le Roux-hulle. En ek het toe nog elke jaar maar nee gesê vir een jaar, ek kan nie gaan nie. En tot... maar met die extension moes ek 'n commitment gemaak het.

**V:** In terme van die wetenskap wat julle spesifiek beoefen, wat jy nou sê is langtermyn monitering...

**A:** Yes.

**V:** Is 'n vyf jaar budget rerig sinvol?

**A:** Wel, nee. Kyk ons sal dit natuurlik... ek's seker niemand sal nee sê as hulle vir ons 'n tien of 'n twintig jaar projek gee nie. Maar jy weet, ongelukkig die NRF se strukture werk nie so nie. Dis maar meestal vier, vyf jaar se projek wat jy dan... projek sê vir die volgende vyf jaar. En dan met die hoop om dit te kan extend. Die extensions werk gewoonlik... ek weet van die Potch Universiteit, Noord-Wes Universiteit, Potchefstroom se ruimte fisika projek hardloop nou al van die 1960s af. So hulle het 'n definitiewe langtermyn projek wat hulle nou al hardloop vir 'n aantal jare. Ek sal graag wil sien dat hulle vir ons langtermyn gee en sê "wel, julle het 10 jaar om goeters te doen". Of 20 jaar of whatever. Maar ongelukkig die NRF strukture werk nie so nie, dis alles korttermyn projekte... redelik korttermyn projekte.

**V:** Ja, want ek wil nou... my volgende vraag is hoe lank... want ek verstaan die eerste PhD wat gekom het uit Antarktika van Suid-Afrika was Vic von Brun se doktersgraad en dit was in geologie gewees. Mense dink dat geologie een van die projekte is baie lank al hardloop. Hoekom doen dit nie?

**A:** Ek dink dit was 'n rede gewees soos, as ek reg kan onthou, was dit die geoloë wat geinterreseerd was in Antarktiese werk het ander dinge gekry om te doen of hulle het geskuif en hulle is uit die geologie uit. En daar was geen ander geoloë wat gevoel het hulle wil op Antarktika werk nie. Ook, baie van die geologiese werk is, soos ek verstaan, al gedoen. En daar was baie eksplorasie gedoen en so aan. En ek dink hulle het miskien gevoel daar is nie meer veel wat hulle kan doen op die iys nie. Ek is nie seker wat die presiese redes vir dit is nie, maar ek weet hulle het uitgetrek en hulle het nooit weer rerig belangstelling gehad in Antarktika nie.

**V:** Is dit moontlik... want geoloë is nogal een akademiese beroep wat redelik maklik privaat sektor werk in Suid-Afrika... sou dit dalk 'n rede wees dat die betaling beter is?

**A:** Ja, verseker. Geoloë... ja... hulle kry redelik maklik... veral in die mynbedryf en so aan. Ek weet van die studente wat kursusse deel met geografie, waar ek doseer, en geologie is, dat hulle almal doen hulle vierde jaar in geologie en dan gaan hulle in die mynsektor in, in die mynwese in. So ja, nee, ek dink so. Ek dink dit is 'n... Antarktika veral is baie, en die sub-Antarkties, is baie personeel gerig, jy weet. Jy het mense, en nie soseer 'n projek, projekte nie, in die sin dat die mens doen die projek en hy is geinteresseerd in die projekte. Dis nie soseer 'n projek wat dan mense vind om te kom werk vir dit nie. So as die persoon sterf of van ouderdom... of as hy...

**V:** Uittree...

**A:** Uit-... aftree, dan daai projek loop dan dood. Dit is ongelukkig so. En daar is nie rerig... tensy jonger mense opgelei word in daai projek en hy het passie vir daai projek, dan sal die projek 'n bietjie meer van 'n, van 'n, jy weet, volhoubaarheid het. Maar as dit nie gebeur nie en die studente gaan in ander rigtings in, dan... meer as... wel die kans is goed dat daai projek gaan uitsterf.

**V:** Vind julle makliker vir Marion mense as vir Antarktika, of is dit maar om 't ewe?

**A:** Is maar om te ewe. Ons het geen probleme nog sover gehad om mense te kry nie. Ons het baie... vir altwee, nog... toe een nog by Pretoria was, het ons ook was ook daar... alle studente wat sover op Marion en op Antarktika gewerk het, behalwe een student wat van Fort Hare af gekom het, my student, het al die ander van... inkluis, dis met my ingesluit, kom van Pretoria af, Universiteit van Pretoria. En daar was altyd hierdie... van die ondergraads... van hulle ondergraads het hulle begin, jy weet, het Marion en Antarktika van 2006 af, aan die studente blootgetel. Daar was altyd, altyd

mense wat bereid was om te gaan. Dit was... dit was... Universiteit van Pretoria was baie daarop gerig gewees, veral die Geografie, Fisiese Geografie Departement. En ons het nog nooit, wat ek van weet, soek... gesukkel om mense te kry... vir oornames of vir... die oorwinter... En ook, ons het Jan [Bullard] wat by UWC was toe die projek begin het... hy's nogsteeds betrokke by die projekte, maar hy is nou by die Universiteit van Upsala in Swede, en ons het ook, elke jaar met Marion het ons studente van Upsala ook saamgevat. En... so daar is altyd 'n slot vir 'n Upsala student wat ook elke jaar gevul word. Maar hulle... daar is nie probleme om een te kry nie. Hy of Jan het ook nie probleme om studente te kry om af te gaan nie. So ja...

**V:** En nou dat hy by Grahamstad is, gaan dit verander?

**A:** Dit kan moontlik wees. Maar van die studente wat in die langtermyn projekte is, soos Barend van der Merwe en Jacqui Davis wat op die oomblik op Marion is, hulle sal tien teen een oorskuif Rhodes toe sodat mens klaar met sy PhD. En byvoorbeeld Crystal Hanson wat nou op hierdie oorname is Antarktika toe gaan volgende jaar haar M begin by Rhodes. So ek dink daai skuif van Pretoria af Rhodes toe sal nie te moeilik wees nie. Maar weereens dis die Pretoria studente wat ingetrek is na Rhodes toe, na die projek toe. En dit is die studente wat daar in die sisteem was toe Ian nog by Rhodes was, ag by Pretoria was en nou by Rhodes is. Die volhoubaarheid van dit is... ek is nie seker nie, of hy dan later... hy sal... soos die bande nou maar gebreek word, ek neem aan, met Pretoria, sal hy seker dan sy eie Grahamstadse studente kry, Rhodes studente om te kom. Van myself, wat hopelik sal oorneem met die Marion projek as die nuwe calls inkom, sal ook seker van my eie studente dan by die projek intrek. Maar, jy weet, dit is... ek dink dit sal... daai transisie sal heel maklik gaan.

**V:** Wanneer hoop julle kom die nuwe calls?

**A:** Wel, ek het gehoop om 'n nuwe call te hê hierdie jaar. Maar sover ek weet, het ek maar gehoor, ek het gehoor by Valdon Smith dat daar nie 'n nuwe call gaan wees nie. So ons loop dood, ons projekte loop dood aan die einde van die jaar. En ons hoop maar dat hulle vir ons 'n extension, weereens 'n extension gaan gee. Dit is maar die praatjies, ons het nog nie enige nuus van NRF gekry nie, so ek... ons is maar... hoor maar wat via die grapevine wat aangaan.

**V:** Kry julle... hoe kry julle nuus by die NRF? Het die NRF 'n ding wat baie spesifiek geallokeer word vir Antarktika en eilande?

**A:** Die SANAP projek is deel van een van hulle projekte. Soos wat hulle hulle [Toeka en nuusarea] projekte en so aan gehad het, het hulle 'n SANAP deel wat hulle dan al die SANAP projekte run. Dit was... word ge-manage... dit was altyd Candice de Beer, maar ek dink sy is nog weg daar, en hulle is ge-station in Kaapstad. En dan stuur hulle maar goed uit en sê wat hulle doen. Ja

**V:** Word daar redes gegee hoekom daar nie calls is nie...?

**A:** Ja, gewoonlik in die verlede was dit maar... die rede in 2009/2010 was dat hulle wil... sover ek weet was dit dat hulle wou 'n Antarktiese entity gebou het wat apart is van DEA en al daai goeters. So hulle het gesê "kom ons kyk eers hoe die ding vorder". En, jy weet, toe't hulle gesê maar hulle sal almal extend, jy moet net 'n proposal insit. En ons het bietjie ekstra fondse gevra, soos ek gesê het. Vir die fondse gevra en gesê wat ons gaan doen, en toe was ons ge-extend gewees. Maar ons het nog niks gehoor van die nuwe goed nie. So, daar is nie 'n rede al gegee nie, soos ek sê, daar is nog niks gesê nie.

**V:** Niks gesê nie.

**A:** Niks gesê nie, ja.

**V:** As wetenskaplike wat nou al op... van student af tot by... amper PI vlak, kan ons maar sê op 'n sekere manier, deel was van hierdie program, wat is jou gevoel oor 'n Antarktiese entiteit?

**A:** Ja, ek dink dit is, jy weet, dit is... ongelukkig... ek kan nie veel praat van die politiek en die goeters nie, maar wat ek dink dit sal baie... ek dink dit sou 'n positiewe stap gewees het. Eerstens, veral as jy, jy weet, die wetenskap en die logistiek sal dan twee bene wees. Maar jy het 'n geval waar jy miskien meer wetenskaplikes kon ingetrek het, jy kon miskien 'n entiteit gehad het wat wetenskaplikes eintlik op hulle payroll gehad het, soos jy het dan persone wat as... die entiteit kon miskien meer van 'n navorsingsinstituut gewees het in plaas van 'n logistieke instituut, wat dan dalk rolspelers van ander universiteite kon intrek. Ek dink dit sou 'n positiewe ding gewees het. Veral as daar sou navorsers in die instituut gewerk het en wat hulle dan doen is dan net gerig is op Antarktiese navorsing, jy weet. Dit sou 'n verskriklike positiewe stap gewees het. Ook, meeste van die veldwerk wat op Marion gedoen word en op Antarktika is maar die navorsers. En, jy weet, die navorsers het 'n baie goeie idee van wat werk en nie werk nie, so, jy weet, met die logistiek dink ek

sou dit positief gewees het, veral as ons kon insae gehad het in watse toerusting om te kry, watse klere om te kry, jy weet. En watse support, logistieke support. Nie dat die support sleg is op die oomblik nie, ek sê dit glad nie. Maar, jy weet, daar is redes of dinge wat ons kan... die navorsers self insette kon gelewer het wat miskien 'n bietjie meer... die werk in die veld makliker maak.

**V:** Watter insette vra DEA of SANAE van wetenskaplikes wanneer dit kom by logistiek?

**A:** Nie veel nie. Ons doen 'n... ons maak, na elke oorname die spanleiers van elke span doen 'n... skryf 'n verslag. En wat met die verslae gebeur weet ek glad nie. Daar is 'n paar goed wat op gereguleer word, byvoorbeeld in Antarktika nou, Ian wat nou jare in die Antarktika werk het gevra vir motorfiets helms vir die skidoo's en hulle het hierdie jaar die helms afgeneem. So dis net 'n klein ding, maar dit is 'n baie belangrike ding.

**V:** 'n Lewensbelangrike ding.

**A:** Lewensbelangrike ding. So dit... daar is daai insette ook gelewer. Op die groter logistiek, met die Cat tracks en daai goed is daar nie veel meer, daar is ook nie soveel insae wat gegee word daar nie. Maar verder, ja, dis meestal Marion waar die logistiek en die wetenskap baie naby aan mekaar is. En veral met die toeriste en die goed. Ja, so daar is maar die logistiek... maar ek moet sê die support was nog altyd goed, of hoe kan jy se...

**V:** Toereikend.

**A:** Ja.

**V:** In terme van Marion en Antarktika nou, is daar 'n wesenlike verskil in die manier in hoe julle as wetenskaplikes dit benader? Veldwerk byvoorbeeld.

**A:** In Antarktika en op Marion?

**V:** Ja.

**A:** Wel, Marion is baie baie makliker, in die geval dat jy... ons meeste van ons studie... study sites is bereikbaar op voet. Jy... ons vlieg net miskien een of twee keer, veral na sites wat bietjie ver is en as ons nuwe logger equipment en sulke goed in die veld sit. Antarktika is anderste. Antarktika die afstande is ver, jy werk op baie klein, spesifieke areas wat ver van die basis is, natuurlik baie meer gevaarliker. Jy is absoluut afhanklik van jou logistieke support, hetsy die helikopters of met die skiddos en die goeters. So jy kan eers in die veld kom wanneer jy skidoo training het, wanneer jy... jou span redelik vertroud is met die veiligheids aspekte van dit en so aan. So dit is verskriklik anders. Waar op Marion, die oomblik, die dag wat die skip jou geland het op die basis en jy het jou goedjies gekry, dan is jy in die veld. Ons het al oornames op Marion wat jy die oggend geland is en die aand slaap ons in hutte. En dit is meestal so met die ander projekte ook. En dan, jy begin op dag een en jy kan letterlik werk tot die oggend voor die skip waai. Antarktika is baie anders natuurlik. Jy's drie maande weg van die huis af of van jou universiteit af en jou veldseisoen is maar 30 dae. Marion is dieselfde, maar jy is net ses weke weg.

**V:** Weg

**A:** Marion is baie makliker, baie meer toegankliker, daar is veelvoude van studie... study sites met al die projekte. Terwyl op Antarktika is daar een of twee plekke waar jy kan werk, dis moeilik toereikbaar, moeilik bekombaar, begaanbaar en jy is verskriklik afhanklik van logistiek.

**V:** In terme van... net so half bietjie meer wetenskap-filosofies, Marion as 'n laboratorium en Antarktika as 'n laboratorium, moet julle baie verander aan daardie omgewing om dit as 'n laboratorium te gebruik?

**A:** Nee, nee ek dink nie so nie. Marion... baie van die werk wat ons gedoen het op Marion... bedoel jy verander aan die omgewing soos in die impak op die omgewing wat jy maak, of...?

**V:** Ja, wat moet julle...

**A:** Wat moet jy verander?

**V:** Wat moet jy verander om daai measurements te kan neem?

**A:** Baie. Op... meeste van die werk op Marion is... as... ons moet miskien 'n gat of twee grawe om ons loggers in te sit. Selfde met Antarktika, net om die loggers in die boorgate af te sit. Ons het bitter min werk wat byvoorbeeld met die fauna en die flora... niks van ons werk is so nie. So ons soek eintlik die areas wat daar niks fauna en flora is nie, sodat daai relationship met die weer en die klimaat en wat gebeur op die grond presies... daar is min ander goed wat in die pad is nie. So in geval van dit is daar bitter min. Ons het so nou en dan 'n paar rotse wat ons stukkend slaan. En ons vat grond, baie grond samples ook. Maar eintlik niks. Daar is bitter min... ons wil eintlik dit so natuurlik as moontlik hou. Ja, so is daar is nie veel wat ons verander nie.

**V:** En in terme van julle navorsing is dit absoluut belangrik dat 'n mens on-site is?

**A:** Yes.

**V:** Die wetenskap... ook die wetenskaplike wat op die ou einde die tesis skryf? Of kan jy werk maar deur veldwerkers gedoen word?

**A:** O, ja, jy sien dit is die ding. Ons... ons verkies dit dat die veldwerker en die navorser dieselfde ou is. Maar dit is seker nie krities nie. Ons het dit net nog nooit so gedoen nie. Ons het altyd... die veldwerker was nog altyd die ou wat die navorsing gedoen het. Behalwe gedurende takeovers waar ons dan mense afstuur inkluis myself in my... toe ek van 2006 af op Marion betrokke geraak het was ek al toe besig met my PhD êrens anderste. So dan my rol sou gewees het... was dan om te supervise en te help. Maar die ou wat die data insamel primer, is primer die ou wat dit gebruik vir een of ander projek of een of ander tesis of so aan. So ons... ons verkies dit so en ons het nog nooit van assistente gebruik wat afgegaan het, die werk gedoen het en dit vir iemand anderste gegee het. Ons het nog nooit so gehad nie.

**V:** Is daar lande wat so operate?

**A:** Wel as 'n projek daar... ek is seker daarvan daar is. En ek is seker daarvan daar is projekte ook wat so operate. Baie van die projekte op Marion het gewoonlik 'n persoon wat die primêre data invorder en dan kry jy 'n assistent wat as assistent ook 'n salaris ontvang. En dan daai... hy help die primêre persoon om... want die veldwerk is moeilik. Maar hy kry niks akademies daaruit nie. Baie van die projekte werk so op Marion. Maar sover as wat ek weet is daar altyd 'n primêre persoon. Daai primere persoon, wat op die eiland is, is 'n persoon met...

**V:** Met 'n graad...

**A:** Met 'n graad of 'n ding. Ek kan aan geen projek dink of geen tyd dink waar daar assistente, behalwe die MCM projek. Ek moet dit noem. Die MCM projek wat werk op die pikkewyne op Marion, is die assistente af wat dan deur MCM employ is. En hulle werk vir MCM, en daar is net 'n handjievol mense wat ek van weet wat vir MCM gewerk het. Nee, glad nie. Ek kan actually aan niemand dink wat vir MCM, veral op die penguin projek werk, wat actually daaruit data gebruik het vir hulle eie studies en so.

**V:** Okay

**A:** Dit is hulle werk as... as assistente of technicians vir daa, so... MCM is die enigste projek. Op Antarktika is dit bietjie anderste. Die mense wat oorwinter, vir byvoorbeeld die H, die Hermanus... die HMO en vir die Noord-Wes Universiteit, baie van daai mense wat oorwinter is net as assistente aangestel. En sover ek weet doen bitter min... gebruik bitter min hulle data vir hulle self. So in daai geval is dit so. So ja, dit gebeur, maar dit is meestal mense wat primêr werk met data, primer die data insamel, meeste van die projekte doen dit vir M of ander grade. En...

**V:** Het jy begin skryf aan jou tesis terwyl jy op Marion was? Of het jy eers toe jy teruggekom het begin skryf?

**A:** My M... ek het my Honneurs... nee ek het eerste teruggekom en geskryf. Ek het my hele veld session gebruik om data in te samel.

**V:** In te samel

**A:** En toe ek by die huis kom toe het ek die data geanaliseer, wel ek het so bietjie van die analise gedoen op die eiland. Toe ek geanaliseer en toe my tesis begin skryf. So dit was 'n jaar werk aan my data. Ek het teruggekom. Ek het dit geanaliseer. Ek het my Honneursgraad klaar gemaak en toe my Meestersgraad...

**V:** Was jy ingeskryf vir 'n Honneurs toe jy op Marion was?

**A:** Ek is ingeskryf vir 'n Honneurs toe ek op Marion was, ja.

**V:** En wat was die groot uitdagings van veldwerk op Marion?

**A:** Alles. Daar is...

**V:** Soos wat?

**A:** Daar is bitter min wat nie uitdagings is nie. Dit is harde werk, eerstens. Jy moet ver stap. Ek dink ek het omtrent 2000, 2200, 2300km gestap met my werk in die maande wat min is. Van die sealers het daar gestap seker dubbel dit. Baie nagte in die veld alleen geslaap in die hutte. Die weer is sleg. Die basis lewe is nie altyd 'n plesier nie. So dit is... daar is bitter min wat nie 'n struggle is nie. Ek dink... natuurlik ek... wel jy kan nie dit sê nie. Dit is natuurlik verskriklik lekker. Maar dit is nie lekker in die sin van, jy weet, dis lekker omdat jy doen wat jy van hou en so aan. Maar... dis hard. Dis harde werk. Ek kan nie... as jy vra vir die assistente op enige van die projekte is dit... dis harde werk. Ek weet van niemand wat gesê het "o jinne dit was lekker maklik daar". Jy kan verder... na die jaar is die ouens gewoonlik gaar. Die ouens brand uit. So dit is moeilik. En dis hoekom baie van die

projekte... nie sukkel om ouens te kry nie, maar jy weet... die keuring vir 'n persoon om af te gaan is, ek voel, redelik streng. Veral met die veldwerk projekte, want... omdat dit 'n moeilike job is.

**V:** En die omgewing, het dit enigsins... is dit maar wat jou werk moeilik maak, is die natuurlike omgewing?

**A:** Ja. Ja, dit is nie, dis nie 'n maklike omgewing om in te werk nie. Soos jy weet, dit reen meeste van die tyd, dit sneeu in die winter. Dis koud. Jy's ongemaklik in die veld, veral as jy 'n lang veld sessie het van vier, vyf, ses dae wat jy in die veld is en bly. Jy gaan uit, jy's nat. Jy kom terug, jy bly nat. Die volgende dag moet jy jou nat klere weer aantrek om in die veld te gaan. Jy sukkel om te skryf, dit reën. Jy weet, jy sukkel om jou measurements te doen en so aan. So nee, dit is nie 'n maklike omgewing om in te werk nie. Ek is seker veldwerk êrens anderste is baie makliker.

**V:** Is... maar, is dit nietemin, is daar 'n mooi plek?

**A:** Ja, natuurlik. Nee, nee, dis alles mooi. Ek dink nie jy het 'n... ek dink die twee is half lostaande van mekaar. Jy voel nie dat dit 'n aaklige plek of nie 'n mooi plek is nie. Dis 'n mooi plek. Dis 'n pragtige plek. Die omgewing is ongelooflik. Dis so mooi vir die ouens in die veld. Maar die werksomstandighede is nie so maklik nie. Dis redelik moeilik.

**V:** Was daar spanning gewees tussen base personnel en field personnel?

**A:** Ja, nee daar was. Ja, daar was. Daar is 'n redelike... en soos die jaar aangegaan het dink ek die span... maar ook nie net tussen base personnel en field personnel nie. Ek dink tussen base personnel tussen mekaar ook. Ons as 'n groep... die veldwerkers het 'n baie sterker band gehad, as die basis personneel... personeel aan mekaar. En die veldwerkers het ook 'n baie... of kom ek sê so, die spanning tussen die basis personeel en die veldwerk personeel het ook bestaan tussen die basis personeel onder mekaar. Maar dit was nie soseer 'n ons en hulle nie. Dit was meer 'n geval van... omdat jy so baie tyd gespandeer het saam met die veldwerkers, het jy meer van 'n vriendskap opgebou met die veldwerkers. Want jy het altyd as jy in die veld was, dit was nog voor die tyd van GPSs en ons het nie radios gehad nie, so jy het altyd probeer maar by iemand bly... Om die idee te gee, ek het gewerk in Watertunnel en ek het geweet een van die veldwerkers was in Kildalkey uit gewees. Dan in plaas van om Watertunnel toe te stap wat 'n halfuur se stap was, het ek liewer twee ure Kildalkey toe gestap sodat ek die aand saam met hom kon gespandeer het en nie ek. En dit was baie so. Jy weet, ouens het... ek weet van ouens wat ver gestap het om by 'n vriend te wees. Want ons is in die... by die basis, gaan die persoon Kildalkey toe en sy... en dan het vriende sê maar in Cape Davis wat aan die ander kant is. Nou stap daai persoon verby die basis om Cape Davis toe te gaan of Repetto toe te gaan om by sy vriend te wees, in plaas van in die basis te wees.

**V:** Basis te wees.

**A:** En jy... ons het maar net... jy weet ook daai persoon is alleen in die hut. En jy sal liewer dit tyd by hom wil spandeer om hom 'n bietjie company te gee. Veral aan die einde van die... soos die jaar aangegaan het, het dit al hoe moeiliker en moeiliker... wel vir my persoonlik, al hoe moeiliker en moeiliker geword om alleen te wees. En ons het, ek het altyd... ons het, in my geval, altyd mense probeer opsoek. Een van die sealers ook, het byvoorbeeld 'n tien dag, as hy 'n tien dag stint gehad het in Kildalkey dan terwyl hy tien dae lank in Kildalkey gewees het en observasies gedoen het, het hy toe al baie... redelik fiks gewees het, hy was baie vinnig, het hy, net so voor die son gesak het het hy teruggestap basis toe, wat 'n twee ure stap was, net sodat hy die aand saam met mense kan spandeer. Die oggend vroeg, voor die son opkom, hardloop hy al weer terug Kildalkey toe om sy observasies te doen. In plaas van om in Kildalkey hut te slaap wat reg daar is, vyf minute se stap, het hy liewer twee ure gestap basis toe net om by mense te wees. En dit is 'n voorbeeld. Ek was dieselfde. Ek het liewer, as ek sê in Watertunnel gewerk het, het ek liewer Watertunnel toe gestap vir die drie ure, gewerk en weer drie ure terugstap in plaas van in die hut, net sodat ek by mense kon wees. En ek dink dit is... dit ws die geval gewees. Maar daar was altyd... daar was spanning. En aan die einde van die jaar het dit bietjie oorgekook. Maar ek dink nie dit is... ons jaar was enigsins 'n...

**V:** Uitsondering...

**A:** ... uitsondering nie, nee dit gebeur.

**V:** Net gou nog oor jou jaar daar, terwyl ons daaroor praat. Daai millenium viering. Was dit iets gewees wat julle oor gepraat het?

**A:** Ja.

**V:** Die feit dat julle daar is met die millenium?

**A:** Ja, ja. Dit was in die... dit was veral... ja. Ons het geweet ons is die millenium span. Ons is so ook

gebrandmerk voor ons gegaan het. DEAT het ons... dit was die ding. Ons is die millenium span.

**V:** So daar was so 'n bietjie van 'n branding gewees.

**A:** Daar was so 'n bietjie van 'n branding gewees. Ons is die millenium span. En dit was soseer met al die spanne wat gegaan het. Die ouens van Gough, die ouens op SANAE en onsself is bekend as die millenium spanne en ons was redelik trots omdat ons die millenium spanne was. Die partytjie self, die viering self het ons so bietjie oor gesels. Maar dit was toe al lank in die jaar en daar was baie van die persoonlike verhoudings het teen daai tyd al bietjieafgebreek en was op 'n plek wat van die mense nie met mekaar gepraat het nie. Maar ons het... die groep wat nou al redelik goed oor die weg gekom het met mekaar het gepraat oor die partytjie, ons het besluit wat ons gaan doen. En natuurlik... ons het dit gedoen. Dit was een van die aande wat ek sal onthou en dit was ook een van die aande wat almal weer bymekaar was. Ons het... een van die min tye... daar was nie, wat ek weet, na die millenium partytjie, waar ons almal saam gepartytjie het nie. So half vierings gehad het. Daai aand het ons almal bymekaar gewees het. Dit was een van die... dit was seker die laaste aand wat ons saam geparty het.

**V:** Dit was nie die millenium ekspedisie, die somer ekspedisie nie, praat ek nou van. Dit het eers die einde van daai gebeur.

**A:** Dit het eers die einde van daai gebeur. Hulle het die somer, die summer survey was van 2001. Ja, ons het nie 'n summer expedition gehad in ons jaar nie.

**V:** Het julle besoeke gehad?

**A:** Ja ons het. Ons diesel masjiene het opgepak. Ja, ek weet wat die redes... rede was, ek weet nie of ek moet sê nie...

**V:** okay, toemaar.

**A:** Maar ons het 'n besoek gehad in Julie, van die SA Agulhas, was so drie dae by ons gewees om te kom help om die masjiene weer up and running te kry, want ons het toe 'n redelike lang tyd sonder elektrisiteit gesit. Ja, die masjien was aan die gang gekry voor die ouens afgekom het, maar ons het lank sonder die masjiene gesit. So ons het 'n besoek gehad van die SA Agulhas met Mike Murphy en twee ander PWD ouens, en Richard Skinner was die... projek of die.. die DEAT se leier gewees wat afgekom het. En ons het 'n besoek gehad van 'n skip. Die ouens het natuurlik nie aan wal gekom nie, maar ons... hulle het 'n walvis been kom haal wat ons skoon gemaak het en... gekry het en skoon gemaak het vir MCM, want hulle was... hulle wou... ons het hulle vertel van die walvis wat uitgespoel het en ons het die walvisbeen toe voorberei. Toe het hulle 'n skip gestuur om die walvisbeen te kom haal. En dan was daar 'n tweede besoek as ek reg kan onthou, wat hulle parte vir die Doris beacon, dis reg, hulle het parte vir die Doris beacon afgestuur. Die radio tech moes toe nou die parte, die battery of iets, ek kan nie mooi onthou nie, die Doris beacon. Maar ek was daai tyd nie op die basis nie. Ek was toe in die veld. Ek het maar net gehoor die skip was daar.

**V:** So, maar julle het nie besoeke gehad van ander lande of...?

**A:** Nee glad nie.

**V:** Jy weet, een of ander Sjinese skip wat...

**A:** Nee.

**A:** Ons het skepe op die horison gesien. Vis... van dit was I&J skepe, meeste van dit was skepe wat al vantevore daar was, en daai tyd het, al hierdie skepe het observers op gehad. En een van die observers was byvoorbeeld Bruce Dyer wat 'n ou eilander was, en ons het met hom gekommunikeer oor die radio ook. Maar hulle was in die omgewing maar nooit geland of enige iets nie.

**V:** Nee.

**A:** Enigste twee besoeke was soos ek sê vir die Doris beacon en vir die walvisbeen.

**V:** En... wou iets nogal belangrik vra, kan nou glad nie onthou nie. O, het julle in daai tyd al, watter omgewingsmaatreels was daar, wat julle vooraan moes aan gehoor wees? Het julle byvoorbeeld vars groente nog gekry.

**A:** Ons het niks vars groente gehad nie. Ons het eiers gehad, maar dit was genuke gewees voor die tyd, geirrideer, basis ge'microwave'de eiers. En geen hoender nie. Enigste hoender wat ons gehad het was fillette, dit was ontbeen.

**V:** Net hoender fillette.

**A:** Ja, so dit was dit. En daar was nie vars groente of... maar ek weet nou is daar nie eers meer hoender nie, as ek reg kan onthou. En daar is glad nie eers meer eiers nie. So dis alles in poeier, as ek reg kan onthou, ek praat onder korreksie.

**V:** Ja, poeier eiers, maar daar is nog hoenderfillette.

**A:** O, maar ek praat onder korreksie.

**V:** Wel laasjaar, anyway.

**A:** Ja, dan moes dit, dan is dit maar so. So ons het...

**V:** En sones? Het julle al die management zones gehad?

**A:** Ons het die management sones gehad, sone een tot vier. En ja, maar die sone... omdat ons... die veldwerker was dan natuurlik die enigste persoon... hy het natuurlik enige tyd ook hulp gevra en dan het die persone hulp gegee. Ek het 'n sone vier permit gehad, so ek kon gehelp het met die gray-heads en so aan.

**V:** So het julle mekaar gehelp, die onderskeie veldwerkers?

**A:** Baie gehelp, ons veldwerkers. Ja, ons het, ons het mekaar baie geassisteer. En ons het, jy weet, maar, soos ek gesê het, altyd by mekaar probeer uitkom en so aan, veral teen die einde van die jaar. Ons het geassisteer. Ons het baie die sealers gehelp. Wel, ek het die sealers gehelp. Ek het ook vir Alvan Gabriel wat die gogga ou was van voor dit nog CIB was, het ek altyd gehelp met sy sampling. En dan het ons mekaar maybe gehelp in Katedraal en so aan, met die werk daar. So, ja, ons het mekaar geassisteer so ver ons kan.

**V:** Het julle enige troeteldiere gehad? Ek bedoel, nou nie soos 'n kat wat julle afgevat het nie. Maar sê nou maar 'n skua wat 'n naam gekry het, of 'n albatros.

**A:** Ja, daar was twee skuas, vieslike name gehad wat ek nie sal...

**A:** Daai skuas het ons geerf, of nie geerf nie, name geërf van vorige spanne. En dan was daar 'n paddy gewees wat gering was, 'n lekker vet paddy. Ons het nie vir hom rerig 'n genaam gegee nie, maar hy was altyd by die... daai tyd was ek nog, het ons in die wet lab gewees waar...

**V:** Die wet lab was nog daar.

**A:** Die wet lab, ja, die wet lab was daar voor dit nog so vol kos was. So ek was in die wet lab gewees, en daar was altyd... wel vir die helfte van die jaar, toe het ek opgeskuif na die... die wet lab het toe begin lek en ek het opgeskuif na die gogga lab toe, om saam met Alvan ook te wees, ek en hy het 'n redelike goeie vriendskap gehad. En ek en hy het toe in die gogga lab gewees. Maar daar was so 'n geringde paddy, en ek het hom nog in 2008 die paddy nog gesien, so hy is seker nog daar. Ek weet nie of dit 'n ander een is wat gering is nie, maar hy is so 'n vet paddy. Maar ek het nie vir hom 'n naam gegee nie...

**V:** Naam gegee nie, maar hy was altyd daar.

**A:** Maar hy was altyd daar. Ek het hulle altyd gesien. Hulle het... hulle is redelik territoriaal, so jy sien hulle altyd daar

**V:** Ja, en jy was in die food store toe dit weggewaai het?

**A:** Ek was ja. Ek het toe net ontsnap voor dit weg waai, maar ja, ek was in die food store gewees die aand wat dit weggewaai het. Ek het gelukkig ontsnap deur my klein kamer venstertjie voor dit gebeur het.

**V:** Wanneer het die food store weggewaai?

**A:** Die food store het weggewaai net na die skip daar was om ons enjins reg te maak. Hulle was toe nog op die water en daar was 'n groot debat gewees of hulle moet terugkom om ons te kan assisteer. Maar toe op die einde het ons spanleier gesê dis nie nodig nie, ons het alles onder beheer. So dit was, dit moes in Julie gewees het. Ek kan nie onthou nie, ek sal in my dagboek moet kyk, maar dit was êrens in Julie en dit was soos 'n dag of twee nadat die skip vertrek het na hulle die masjiene reggemaak het, jy weet. Dit was 'n suid-weste wind gewees. Hy het 88 ge-gust, 88 knope, wat nie te bad is nie, maar as gevolg van die windrigting... want die basis is basies gebou, en die sterkste winde, die meeste wind kom gewoonlik van die noord-wes, so jy weet, dis daai gebou bo en as jy... soos die wind afgaan dan word die windspoed redelik gebreek. Maar omdat dit wind van die suid-weste af gekom het, het hy reguit op die food store gewaai. En die food store het 'n groot deur gehad, omtrent 2 m wye deur. En die hout deur... die wind het reguit op die hout deur gewaai. En ons vermoed wat gebeur het is die... want toe ek die hout deur probeer opskuif het, het hy baie gebuid en so aan. So ons vermoed wat gebeur het is die hout deur het oopgebars. Die wind het toe ingewaai en toe het die dak en die hele muur toe basies geskep, en die toe afgegooi...

**V:** In die see ingewaai? Of in die veld?

**A:** Van dit het in die see, op die rotse waar die rockhopper kolonie is, op die rotse gegooi, maar baie van die goed het in die see beland. Hulle het van my klere nog op Kildalkey maande daarna nog my klere op Kildalkey en op Archway en so aan. Kort-kort kom die sealers daar aan met een van my

onderbroeke. Hulle het gesê dit moet myne wees. So ek het 'n paar van my goed verloor, maar dit was nie, dit was nie te ernstig nie.Ek het nie iets belangriks verloor nie.

**V:** Weet jy of julle 'n environmental impact verslag moes skryf daaroor?

**A:** Nee. Ons moes 'n sit-rep, 'n situasie verslag geskryf het. Ek weet nie waar dit is en of dit actually gedoen is nie. Ek het nie rerig enigsins leierskap posisie besit op die stadium toe ek daar was nie. Maar ek is nie seker... ek is seker daarvan ons moes gerapporteer het daaroor, want ons het toe al die mense wat in die veld was en so ingeroep. Ons het basis vir twee of drie dae moes skoonmaak en so aan. En die mense op die skip, Richard Skinner moes geweet het van dit, want ons het... En DEAT moes geweet het van die, ons het definitief hulle ingelig, want hulle het gedebateer of ons die... of die skip moes omdraai om ons te kom assisteer. So hulle moes geweet het van dit. En ek is seker van dit was in die spanleier se maandelikse verslag gewees het. Ja, so ja. Dit moes gedokumenteer gewees het erens.

**V:** Maar julle het genoeg kos gehad nonetheless?

**A:** Ja, ons het oorgenoeg kos gehad nonetheless. Die weapons is redelik swaar en ons het goed verloor soos suiker en so aan, want jy weet die weapons wat omgewaai het was blikkiesvis, en ons het weer die blikkies opgetel. Ons het net van die, ongelukkig van die bederfbare produkte verloor, soos suiker, van die koffie en so aan. Maar niks ernstig, niks wat ons terug gehou het nie.

**V:** O, okay.

**A:** Kom ons sê so. Ons het ook ongelukkig deur die jaar kos verloor met een van ons yskaste wat gebreek het... freezers... het gebreek. En die diesel mech kon hom nie aan die gang kry nie. Ons het self die... dit was nogal ‘n probleem. Ons het selfs die masjien, die refridgerator masjien probeer uithaal het. Hy het omtrent 500-600kg geweeg. Uitgeneem, probeer vervang of regmaak en weer terugsit, maar dit het nie gewerk nie. So het een van ons freezers verloor. So ons moes toe baie van die kos wat in die een... die ander twee freezers gelaai met die kos wat in was, maar ons kon nie alles in kry nie. So ons het baie groentes en goed ongelukkig verloor. In die shutes afgegooi het, moes weggegooi het, ons het nie plek vir dit nie.

**V:** So julle het eers vleis ingesit en toe die groente...

**A:** Eers die vleis ingesit, natuurlik. Natuurlik eers vleis ingesit en toe groente. En die groente het ons oorboord gegooi, ons het niks van die vleis weggegooi nie.

**V:** okay. Wat is jou favourite hut? Het jy een?

**A:** My favourite hut... ek het 'n paar. My favourite favourite hut is Katedraal, omdat ek so baie tyd daar spandeer het. En daai... dit sal altyd die... kom ek sê dis my favourite hut maar dis ook my hut wat ek die minste graagste tyd wou in spandeer het. As dit nou sin maak. Want dis maar altyd moeilik en koud en... Maar ek het 'n... maar my beste memories is... of van my memories is die tye wat ek daar gespandeer het in die hut. Die wind het dit op en af laat hop en goed uit die kaste uit waai. En dan slaap ek ten volle geklee in my slaapsak net in case die hut wegwaai. So ek het baie scary moments gehad en so aan. Maar dit was die tyd wat ek die meeste my tyd daar assosieer. En dan van die kushutte, ek het wonderlike memories van Rooks wat nie meer ongelukkig meer bestaan nie. Rooks is toe nog daar gewees. Ons het nie baie in Rooks geslaap nie maar die tye wat ons daar geslaap het was absoluut heerlik. En... ag meeste van die hutte, ek het nie... die enigste wat ek rerig nie soveel van gehou het nie was Kildalkey, dis bietjie muf gewees, Ja, en... maar die ander hutte... en Swartkops. Ek het nie so baie van Swartkops gehou nie, want daai... Swartkops en Repetto. Dit was die hutte wat toe nuut was. In my jare was dit toe splinternuut. Hulle het toe die hutte daar ingesit. Hulle moes vir Rooks ook vervang het, maar Rooks het in die hawe beland, in die water. Toe hut van die... die hutte oorgelaai het van die kaai kant af tot op die boot, en toe het iets gebeur met die sling en toe val die hut in die water. Toe Rooks het toe nie 'n nuwe hut gekry nie.

**V:** So julle het die splinternuwe yskaste toe gekry?

**A:** Nee

**V:** So hulle het weer later...?

**A:** Hulle het weer later gebesit. Ons het die splinternuwe, hoe kan jy se? Dit was net fibreglass. Die fibreglass het verskriklik sleg gelyk, die fibreglass het gevrot. Want dis net... dit was geverf en daai reuk was die hele jaar in daai hutte. En dit was verskriklik klein. Baie klein. Dit was... so Swartkops en Rebecca, is net... ek... maar ek moet se, ek het seker... as ek drie aande in Rebecca's gespandeer het, was dit baie. Ons het altyd aangegaan.

**V:** Ja, en Cape Davis.

**A:** Cape Davis is een van my favourites.

**V:** Het die Cape Davis se toilet nog gestaan?

**A:** Ja. Ja, die toilet van Cape Davis was toe nog daar...

**V:** Nog daar.

**A:** So ja, ag maar ag Katedraal was my favourites, sou ek se.

**V:** Julle span, was dit 'n gemengde span gewees? Vrouens en...?

**A:** Vrouens, mans, en ook ras...

**V:** Ras.

**A:** Ja.

**V:** Geloof? Of weet jy nie rerig nie?

**A:** Nee, geloof nie. Daar was nie Moslems. Dit was Christen of nie-Christen. So, daar was nie ouens, Moslems... Maar dit was... ons het... rasse was swart, wit en dan Alvan wat 'n Indier was. En dan het ons drie dames op ons span gehad. En ons het... die res was dan mans. En twee van ons, van die dames het met twee van die mans deurmekaar geraak op die eiland en hulle het getrou. En altwee couples is nog steeds getroud.

**V:** Was jy by hulle troues gewees?

**A:** Nee.

**V:** Het hulle van die span uitgenooi?

**A:** Hulle het nie van die spanne uitgenooi nie. Want Stephen wat 'n groot, dis die ander geomorfoloog, hy en Claire het sommer voor die magistraat getrou een middag. Die twee van hulle, hulle is so bietjie alternatief, sal ek se. En Elizma en Deryck, hulle was, ag ek het Elisma redelik goed geken, maar ons was nie groot vriende nie...

**V:** Nie groot vriende nie...

**A:** So ons is nie genooi na die... maar van die ander spanlede wat ek weet was genooi gewees. Ja so dit was nogal 'n ding.

**V:** Hoe was die aanpassing terug in Suid-Afrika?

**A:** Moeilik, in 'n mate. Ek is maar 'n ou wat redelik maklik aanpas. Maar ek het..die eerste keer wat ek in 'n kar inklim was ek heeltemal uitgefreak, want die spoed was te vinnig en ek het vir my pa gesê hy moet stadiger ry, maar hy ry nie eers 40 toe ons uit die hawe uitgery het nie. Ek het... toe ek... ek het met 'n meisie deurmekaar geraak wat nou my vrou is net voor ek gewaai het, so 'n paar maande voor ek gewaai het. En sy het vir my gewag vir die 13 maande en ons het baie gekommunikeer toe ek op die eiland was, en dit was maar moeilik. Maar toe ek terugkom was dit... dit was 'n bietjie moeilik gewees, die verhouding in te gekom het. Maar omdat ons so baie gekommunikeer het, ek het haar elke aand gebel as ek kon en so aan, het ons basies die verhouding net terug, jy weet, net aangegaan waar ons dit gelos het, wat ook 'n goeie ding was, want ons is nou getroud. Maar dit was nie vir my nie so moeilik nie. My verhouding met my ouers was nie so moeilik nie. Ek het eintlik redelik goed aangepas, sou ek se. Baie van die mense sukkel om aan te pas, wat ek van weet. Ek weet vir 'n feit Alvan het moeilik aangepas. Maar hy was twee jaar op die eiland gewees. En so aan. En van die ander mense het moeilik aangepas. Maar ek dink ek was redelik, redelik maklik aangepas.

**V:** So was spoed maar die eerste ding wat jy oplet, as jy terugkom in Suid-Afrika?

**A:** Spoed is verseker die eerste ding wat jy optel, ja. Ek het... met die kar... ons het van daar af van daaiselfde dag nog gery van Kaapstad af die aand. Ons sou die volgende dag ry Oos-London toe, en soos ek sê ek was heeltemal uitgefreak. Maar ja, spoed is die ding. En ja, ek het warm gekry vir die eerste ruk. Maar verder het ek baie maklik aangepas. Ek het nie... ons het... ek was nie rerig lang af nie, ek weet baie ouens kom terug en dan vat hulle 'n maand af om aan te pas. Ek was... ons was 'n week in Oos-Londen, toe het ons opgevlieg Pretoria toe en ons was terug op universiteit. So ja, dit was gou-gou.

**V:** Mis mens Marion?

**A:** Ja. Marion is 'n siekte, absoluut. Dis hoekom ek nog die heeltyd teruggaan. Jy mis dit. Jy gaan af en dan as jy daar is dan... jy's daar, dan kom jy terug dan gaan jy... baie tyd daarna gaan oor wat gebeur het op die eiland. En dan kom daar 'n tyd in die jaar wat jy nou weer beplan... jy doen dit. Ek dink so, ek dink jy mis die eiland. As jy so bietjie uit dit uit is en jy het ander dinge om te doen dan raak dit nou nie soveel van 'n probleem nie. Byvoorbeeld as ek nou nie kan uitkom vir 'n takeover nie is ek nie so muf soos wat ek was in die verlede nie. Nie so upset nie. Maar, ja, nee, ek dink jy doen. En net soos Antarktika. Ek dink baie van die mense wat na Antarktika toe gaan is maar ouens wat die hele tyd afgaan, want hulle mis dit dan. Kan nie sonder daai adventure wat jy kry as jy

afgaan leef nie. Ja, ek dink so, ek dink so.

**V:** okay, Baie dankie.